Sing vooraf staande: Psalm 145:5 (p. 696)

5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (157)

1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde͡en lof verklank!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons van God se ewigdurende genade met Psalm 118:2 (p. 575)

Wet

Psalm 118:2 (p. 575)

2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 47:3 (p. 241)

1 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Skriflesing: Maleagi 4

Teks: Maleagi 4:5, 6

Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En Hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek te tref nie.
Maleagi 4:5, 6 (AFR1953)

Dit is 'n baie groot kuns om in jou lewe so eerlik te wees dat jy jou eie sondeverlorenheid beleef. En om dan in jou nood jou deur die Heilige Gees en deur God se Woord te laat lei om die Here te ontmoet op die dag wanneer Hy sy oordeel voltrek.

Ons gee in hierdie preek aandag aan dinge wat gebeur wanneer mense in ’n krisis met die Here beland. Ons kyk eerste na die optrede van mense:

1. Die moedeloses
2. Die gelowiges
3. Die Here se gedenkboek

1. Die moedeloses

Die Here het die volk hoor kla – maar dit was nie ’n eerlike oop toenadering na sy troon toe nie.

- Die Here verwys daarna dat hulle rouklere gedra het om hulle selfvernedering voor Hom te wys (v. 14).
- Dit was ook ’n teken dat hulle gedurende die vastyd net skoon water gedrink het en niks geëet het nie.
- Dit was ’n baie ou gebruik wat al van die tyd van Job af gekom het:

  Ek gaan daarheen in die rou, sonder son; ek staan op in die vergadering, ek roep om hulp. (Job 30:28 AFR1953)

  (38:7) **Ek is krom, heeltemal geboë; die hele dag gaan ek in die rou;** (Psalm 38:6 AFR1953)

  (42:10) **Ek wil spreek tot God: My rots, waarom vergeet U my? Waarom gaan ek in die rou deur die vyande se verdrukking?** (Psalm 42:9 AFR1953)

Die bedoeling van die hele kwessie van rouklere en vas was dat die gelowiges daarmee wou wys dat hulle bewus was daarvan dat die Here se oë na hulle gekyk het.

- Uit ontsag vir die Here het hierdie klere dan gewys dat hulle nie vrolik is en in die uitspattigheid van die lewe aangaan nie.
- Hulle het berou oor hulle sondes.

Nou blyk dit dat die volk die rouklere gedra het uit skynheiligheid in hulle harte want hulle het nie in hulle binnekant gevoel soos wat die klere na buite toe moes wys nie.

- Soos Asaf destyds het hulle die Here verwyt dat dit geen voordeel het om die Here te dien nie.
- En ook nie om hulle berou te wys met hulle kleredrag nie!

Hulle verwyt het nog ’n stap verder gegaan:

- Die oormoedige mense (vermeteles) versoek die Here, maar hulle geniet net voorspoed.
- Hulle daag die Here uit, maar hulle kom daarmee weg, want hulle word nie gestraf nie.
- Daarom kla die mense in hulle moedeloosheid dat dit baie gelukkiger is om ’n goddelose te wees, want hulle is baie voorspoedig. Asaf sê dieselfde in Psalm 73:3:

  Want ek was afgunstig op die onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien. (Psalm 73:3 AFR1953)

Die Here kon, menslik gesproke, die gekla en verwyte van sy volk nie langer hou nie, en daarom het Hy stappe gedoen om hierdie gekla te beëindig.

2. Die gelowiges

Almal het egter nie in hulle moedeloosheid ontspoor nie.

- Daar was ’n groep opregte gelowiges wat die Here opreg gevrees het en nie in hierdie verwyte gedeel het nie.
- Hulle het ook besef dat hulle nie onverdiend deur die Here gestraf word nie.
- Hulle het saamgekom en met mekaar oor die hele aangeleentheid gepraat.

- Die Bybel sê nie wat hulle gesê het nie, maar dit is duidelik dat dit gegaan het oor selfbeproewing en opregte belydenis van hulle sondes voor die Here.

Die genade van die Here kom dadelik na vore:

- Hy laat nie hierdie mense se samespraak sommer so langs Hom verbygly nie – Hy neem dit ter harte en gee aandag daaraan.
- Die Here gee dadelik opdrag dat ’n gedenkboek geskryf moet word waarin die name opgeskryf is van die gelowiges wat eerbied vir die Here se Naam gehad het en wat waarde daaraan geheg het om Hom getrou te aanbid.

Daar is ’n rede waarom die Here hierdie mense se name so sorgvuldig opskryf in sy boek.

- Hy sê hulle gaan vir Hom ’n kosbare besitting wees wanneer Hy die dag kom.
- Dit is natuurlik ’n baie ou belofte van die Here aan Israel. Ons lees daarvan in Eksodus 19:5:

  As julle dan nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. (Eksodus 19:5 AFR1953)

Die Here openbaar hierin sy liefde vir die werklike vroom mense wat die eintlike Israel uitmaak.

- Die liefde van die Here word nog nader geopenbaar omdat die Here sê dat Hy vir hulle goed sal wees soos wat iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk.
- Die uitverkorenes is dus nie vir die Here diensknegte nie – hulle is vir Hom sy kinders vir wie Hy lief is.

Ons het hier al ’n Ou-Testamentiese voorspelling van die Nuwe-Testamentiese “aanneming tot kinders” waarvan ons in Romeine 8:23 lees:

. . . maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam. (Romeine 8:23 AFR1953)

Daar gebeur natuurlik iets met die mense wat op hierdie manier kinders van God word.

- Maleagi profeteer (3:18) dat daar iets herskeppends met hierdie mense sal gebeur.
- Hulle kom tot nuwe insigte:

  Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose; tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie. (Maleagi 3:18 AFR1953)

3. Die Here se gedenkboek

Die gedenkboek word direk voor die Here geskryf.

- Dit is simbolies om te sê dat die Here hierdie mense skerp onderskei van die by wie daar nie ware aanbidding, eer en vrees vir Hom is nie.
- Ons lees baie van hierdie boek wat daar in die hemel voor die troon van die Here is. Soms word dit die boek van die lewe genoem (Eksodus 32:32; Psalm 69:29; Daniël 12:1; Openbaring 20:12).

Waarom is dit so belangrik om van hierdie boek met name kennis te neem? Omdat die Here baie skerp onderskei tussen mense en mense.

- Dit is waar dat Israel nie op dieselfde vlak lê as die ander volke nie omdat Israel deur die Here uitverkies is as verbondsvolk en die ander volke is nie.
- Nou openbaar die Here dat Hy binne die verbondsvolk weer ’n keer sif:
  - Hulle gaan ook nie almal hemel toe net omdat hulle deel is van die verbondsvolk nie.

- Die Here skei binne die verbondsvolk die ware gelowiges van die halfgelowiges en die valse gelowiges.

Natuurlik is die opskryf van die name in hierdie boek van die Here profeties ook, want dit het op die ou end nie net betrekking op die ware gelowiges wat daar in Maleagi se tyd in Palestina gebly het nie.

- Dit sien uiteindelik op die uitverkorenes wat op die nuwe aarde voor die Here se troon sal staan.
- Dit is almal wat deur die Verlosser rein gemaak sal wees van al hulle sondesmet, sodat hulle in die teenwoordigheid van die heerlikheid van die Here kan ingaan.

Die saak het ook nog ’n ander kant: Die Here gaan baie sleg werk met die ongelowiges.

- Die Here noem sy wederkoms **die dag van die Here**.
- Hierdie dag gaan brand soos ’n oond.

Vuur het twee betekenisse in die Bybel:

- Die een is ’n suiwerende of louterende aksie en die tweede een is ’n verdelgende aksie.
- Eintlik is daar in die loutering ook al iets van verdelging opgesluit, want al die slegte elemente word juis uitgebrand sodat die suiwer goud of silwer alleen kan oorbly.

Die openbaring is baie duidelik: Daar is ’n klomp mense wie se name nie in die boek van die Here voorkom nie. Wie is hulle?

- Dit is die goddeloses wat gelukkig was omdat hulle die Here uitgedaag het en toe tydens hulle lewens daarmee weggekom het.
- Dit is die groepie wat moedeloos is met die Here en wat gesê het dat die Here net die goddeloses seën ondanks al hulle sondes.

Die inskrywings in die boek van die Here trek nou die gordyn weg oor hierdie mense se toekoms. Hulle word nou soos kaf in ’n oond verbrand en daar bly van hulle niks oor nie.

Met die wat die Here gevrees het, gebeur dit heeltemal anders.

- Die son van geregtigheid gaan oor hulle op.
- Dit beteken dat die heil van die Here soos die son oor hulle sal skyn.
- Alle vorme van sonde en verkeerdheid word in hierdie beeld beskryf as donker wat deur die lig van die Here se heerlikheid verdryf sal word.

Saam met die lig van die Here se geregtigheid sal ’n baie groot vreugde die ware gelowiges oorval.

- Hulle sal wees soos kalwers wat bokspring – so staan dit hier in Maleagi 4:2:

  Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. (Maleagi 4:2 AFR1953)
- Dit beteken maar net dat daar baie groot blydskap oor hulle verlossing sal wees.

Dit alles gebeur op die dag van die Here. Omdat hierdie dag van die Here so belangrik is, gee die Here Jesus die versekering van wat van ons gaan word:

> **En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid. En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.** (Markus 13:26, 27 AFR1953).

Ons is veilig as daardie dag kom!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:2 (p. 331)

2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 Julie 2010